GROEIGROEP MATERIAAL

Adresseer die Chaos 1

Ek is nie perfek nie

Opening

Waaraan dink jy as jy die woordjie Chaos hoor?

_____

_____

Inleiding

Die woordjie Chaos beskryf nogal die gemors waarin ons wêreld en ook ons lewe is, MAAR is chaos altyd negatief?

_____

_____

Het jy al die woorde 'Ek is nie perfek nie' gebruik? Wat bedoel ons as ons dit se?

_____

_____

(Ons kan maklik se dat ons huwelik of werk of ekself nie perfek is nie. As ons se iets is nie perfek nie impliseer ons tog ook dat daar wel `n perfekte is. Daar is dus `n ander standaard wat bestaan buiten die een waarvolgens ons lewe.)

INHOUD & GESPREK

Wat het God nog altyd gemaak met chaos?

- Dink aan die skepping
- Hoekom God die 10 gebooie vir ons gegee het?
- Die verhaal van die pottebakker (Lees gerus Jer 18:1-6 Let op hoe die klei misluk maar dan maak die pottebakker iets nuuts soos wat Hy dit wou gehad het)
- Wat het Jesus se koms met die chaos kom doen?

KOM ONS LEES

Openbaring 21:3-4

Kyk na die volgende fokus areas en bespreek wat julle hieroor dink:

- Chaos is die een ding wat ons mense almal in gemeen het. Hoe bring chaos mense nader aan mekaar?
- Hoe raak God sigbaar in die chaos van ons lewe?
- God is nie net die skepper nie maar ook die herskepper?

_____
_____
_____
_____

Die wet wat ons ontvang het is vir ons elkeen `n spieël waarin ons kyk. In hierdie spieël kyk ons na die standaard wat God daar gestel het, sy wil en sy bedoelings. Hierdie spieël openbaar ons foute en sonde. Dit is juis in hierdie spieël waar God met ons begin werk.

Wat se dit vir ons van Jesus se liefde vir ons en hoe help dit ons om na die mense om ons te kyk wat vir ons soms moedeloos maak?

_____
_____

Hoe kan God ook die chaos in my eie lewe begin herskep? (2 Timoteus 3:16)

Amen...